15.6 BESWAARSKRIF VAN PARTIKULIERE SINODE BOSVELD – GKSA SE LIDMAATSKAP VAN DIE SARK (Artt 19, 34, 257, 259, 265, 280)

A. Ds SA Cilliers stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 5.
C. Ds PK Lourens rapporteer namens Beswaarskrifkommissie 5.
D. 'n Minderheidsrapport was laat vir indiening en kon gevolglik nie gestel word nie. Die Rapporteur van die betrokke Minderheidsrapport wat nie gedien het nie, kry geleentheid om sy saak tydens die bespreking te stel.
E. **Besluit:** Die Sinode besluit om 'n Kommissie aan te wys om in die lig van die beswaargronde wat geslaag het, die gewig van die betrokke beswaargronde te bepaal en na aanleiding van die Sinode te adviseer of die Beswaarskrif slaag al dan nie. Die volgende Kommissie word aangewys: dr JH Howell (s), di HC van Rooy, SA Cilliers, B Companie en prof A le R du Plooy.
F. Dr JH Howell rapporteer namens die Ad hoc-kommissie.
G. Prof SJ van der Merwe rapporteer namens die Ad hoc-kommissie oor die implikasie dat die Beswaarskrif van Streeksinode Bosveld oor SARK geslaag het.

H. **BESWAARSKRIF**

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

1.1 *3.2 Lidmaatskap SARK (Acta 2006:172-175)*

Die Deputate is van oordeel dat die GKSA aansoek om lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) moet doen en beveel so by die Sinode aan. Terselfdertyd beveel die Deputate aan dat Sinode Middellande gevra word om saam met Sinode Potchefstroom aan te sluit by die SARK.

(a) Motivering

In die lig daarvan dat gesamentlike kerklike getuienis binne die nuwe grondwetlike bestel baie belangrik is, meen die Deputate dat die GKSA by die SARK moet aansluit omdat dit vir die GKSA groter direkte toegang tot die owerheid sal gee. Terselfdertyd sal dit ons kerke in staat stel 'n meer invloedryke rol binne die breër kerklike omgewing te speel. Die teologiese klimaat binne die SARK het sedert 1994 baie verander, terwyl die struktuur van die SARK kerke toelaat om hulle eie identiteit te behou. Lidkerke hoef nie met besluite van die SARK in te stem nie, en kan op hulle eie getuienis lewer en inisiatiewe loods wanneer nodig. Hierdie faktore maak dit makliker vir die GKSA om aan te sluit by die SARK. Ongelukkig word daar nie meer deur die konstitusie van die SARK voorsiening gemaak vir kerke met waarnemerstatus nie, met die gevolg dat die GKSA of deel moet word van die struktuur, of buite bly.

(b) Beredenering

(i) Betrokkenheid by die SARK is nie 'n nuwe saak nie (vgl Acta 1976:366; Acta 1997:177, 3.2.3). Waarnemerstatus by die SARK is egter nie meer moontlik nie, met die gevolg dat die GKSA nou moet besluit om lid te word van die SARK of bande met die organisasie te breek. Goeie redes sal vir laasgenoemde aangevoer moet word.

(ii) Die GKSA het 'n roeping om op Gereformeerde grondslag profetiese getuienis in die wêreld en aan die owerheid te gee (vgl Kol 2:8 en Joh 9:5; 1 Pet 3:15).

(iii) Die Deputate het getuienis gelewer van gesprekke met die Bestuur van die SARK wat die teenwoordigheid van die GKSA positief en vriendelik sou verwelkom het.

(iv) Die beskikbare Grondwet van die SARK bevat duidelike beleidsuitsprake oor hulle Christelike belydenis: ***"PREAMBLE***

1 The South African Council of Churches is a fellowship of Churches and organisations which confess the Lord Jesus Christ as

God and Saviour, according to the Scriptures, and therefore seek to fulfil their common calling to the glory of the one God, Father, Son and Holy Spirit.

2 *The Council affirms, on the basis of the Scriptures, that the Church is the Body of Christ and therefore is one. Though obcured and marred by sinful division, this unity of all Christians is the gift of God and does not need to be created.*

3 *Under the guidance of the Holy Spirit the Council is an instrument and servant of the Churches, committed to stimulating and effecting fellowship, co-operation and unity among its member Churches and all other Christians in their common mission in the world. The work of the Council is based on the recognition of Jesus Christ as the divine Head of the Body and is to the glory of the one God, Father, Son and Holy Spirit.*

4 The theological basis of the Council is a common confession of the Christian faith of its members and is not a creedal test of Churches or individuals. The Council is not committed to anyone theological understanding of the Church, and membership of the Council does not imply acceptance of any specific doctrine of the Church."

(v) Die SARK stel aan die GKSA geen voorwaardes oor wysiging of moontlike wysiging van sy Belydenis ten einde lid te word nie. Inteendeel, saam met ander kerke van gereformeerde belydenis (soos die NGK en NHK) kan die gereformeerde leer 'n betekenisvolle stem verkry.

(vi) Ander weë om getuienis te lewer bestaan. Veral betrokkenheid van kerke op derde vlak regering deur byvoorbeeld "fraternals" kan baie effektief wees. Op die hoogste vlak van skakeling met die regering is die SARK by verre die effektiefste voertuig om met die owerheid te skakel. Liggame soos die TKK en die Konvent van Reformatoriese Kerke het baie beperkte invloed vir doeleindes van skakeling met die owerheid.

(vii) Negatiewe persepsies oor die SARK in die GKSA behoort nie onderspeel te word nie, maar moet bestuur word deur die waarheid oor die SARK in elke situasie te omhels en op gepaste wyse daaroor aan die kerke en in die wêreld te getuig.

Besluit: 3.2 hierbo word goedgekeur met die volgende byvoeging:

(a) "Die Sinode stel dit duidelik dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hul onafhanklikheid behou en nie per assosiasie verantwoordelikheid aanvaar vir elke standpunt en handelinge van die SARK nie.

(b) Die Deputate kry opdrag om ernstige en wesenlike punte van verskil aan ons lidmate te kommunikeer.

(c) Die Deputate kry opdrag om die volgende Sinode te adviseer oor die voortsetting van ons lidmaatskap."

1.2 4.1.4 'n Verteenwoordiger te benoem om GKSA by SARK te verteenwoordig en sodoende toeganklikheid en inspraak by die regering te hê. **Besluit: Goedgekeur.**
Laasgenoemde besluit (1.2) is by wyse van opdrag aan te benoemde Deputate 'n direkte voortvloeisel van die eerste besluit (1.1). Dit word daarom nie afsonderlik hanteer nie omdat dit onafskeidbaar deel is van een saak, nl oor lidmaatskap van die SARK.

2. Die gronde van beswaar

2.1 Die besluit gaan daarvan uit dat die kerk haar van buite af mag en moet laat voorskryf hoe sy haar profetiese taak moet uitvoer.

2.2 Die besluit berus op 'n foutiewe en onvolledige voorstelling van die SARK.

2.3 Die besluit bring die GKSA se lidmaatskap by die ICRC in gedrang en dit is nie in die besluit verreken nie.

2.4 Die besluit is in stryd met NGB, art 36.

3. Motivering van beswaargronde

3.1 Beswaargrond 2.1 (Die besluit gaan daarvan uit dat die kerk haar van buite af mag en moet laat voorskryf hoe sy haar profetiese taak moet uitvoer)

3.1.1 Die motivering om lidmaatskap van die SARK toon geen gronde daarvoor vanuit die Skrif en of Belydenisskrifte nie. Die Deputate meen dat lidmaatskap by die SARK vir die GKSA groter direkte toegang tot die owerheid (bedoelende die regering-van-die-dag) sal gee. Weer is daar geen begronding van of vir hierdie stelling nie. Daarby is die stelling teenstrydig. "Direkte" toegang beteken tog tweesydige gesprekvoering, hetsy skriftelik of mondeling. Dit verval wanneer daar deur 'n ander liggaam gewerk word wat 'n gesamentlike standpunt van al sy medewerkers voorlê.

3.1.2 In die beredenering word wel drie tekste vermeld, maar dan gaan dit nie om lidmaatskap van die SARK nie, maar wel oor die kerke se roeping om op gereformeerde grondslag profetiese getuienis in die wêreld en aan die owerheid te gee [Acta 2006:173, (b)(ii)]. Hierdie getuienis vanuit die Woord aan die owerhede kan steeds, sonder lidmaatskap van die SARK, voortgaan. Indien gesprekvoering nie moontlik is nie kan dit nog skriftelik of per kerklike besluitneming geskied.

3.1.3 As motivering word wel gestel dat gesamentlike kerklike getuienis binne die nuwe grondwetlike bestel baie belangrik is. Hierdie stelling is ook nie begrond vanuit die Skrif en Belydenisskrifte nie. Dit hou stellig verband met die volgende paragraaf in die motivering vir betrokkenheid by die Parlementêre Lessenaar van die NG Kerk:

> *"Al is dit so dat die krag en gewigtigheid van die kerk se getuienis deur die inhoud gedra moet word, werk die koppe van bewindhebbers nie altyd so nie. Dit is dus vanselfsprekend dat hoe groter die belangegroep (constituency) is namens wie die voorlegging gedoen word, hoe 'swaarder' sal die waarde daarvan weeg. Hoe groter die kerke se lidmatetal, hoe sterker die getuienis. Hoe meer (deurdagte) memoranda en fakse op die tafel beland, hoe doeltreffender. Daarom is daar groot wysheid in om die medewerking en 'vennootskap' van kerke en geloofsgroepe (in soverre as wat moontlik en verantwoordbaar is), te verkry" (Acta 2006:172, 3.1.1).*

3.1.4 Hierdie besluit maak van die kerk in die algemeen en die GKSA in die besonder 'n belangegroep (kyk 3.1.3). Die ware Kerk is egter nie 'n belangegroep nie; dit is die Liggaam van die Here Jesus Christus. Die ware Kerk kyk daarom in die eerste en laaste plek na die Waarheid van die Woord en getuig daarvolgens en daarvan. Nie getalle nie, maar die Waarheid van getuienis is kragtig. Vir politici mag getalle deurslaggewend wees, maar vir Kerke is die Waarheid nie net deurslaggewend nie, maar die enigste grond waarop hulle hul profetiese taak uitvoer (kyk NGB, art 5).

3.1.5 Die eise van die nuwe grondwetlike bestel blyk die belangrikste grond te wees waarop die besluit rus. In hierdie geval word erkenning gegee aan die owerheid van die dag dat hy die kerke kan voorskryf oor die wyse waarop hulle hul profetiese taak moet verrig. In hierdie geval is Kol 2:8 (verwysing van die Deputate) eerder 'n duidelike waarskuwing dat die weg van lidmaatskap by die SARK nie opgegaan kan word nie.

3.2 Beswaargrond 2.2 (Die besluit berus op 'n foutiewe en onvolledige voorstelling van die SARK)

3.2.1 Die Sinode is alleen ingelig oor enkele beleiduitsprake sonder dat dit getoets is in die lig van vraag en antwoord 30 van die Heidelbergse Kategismus. Die SARK se aksies en ander uitsprake kom nie ooreen met bogenoemde beleiduitsprake nie.

3.2.2 In die Inleiding tot die "*SACC Constitution*" staan o.a.:

A "3. Onder leiding van die Heilige Gees is die Raad 'n instrument en dienaar van die Kerke, verbind tot die stimulering en tot stand bringing van gemeenskap, samewerking en eenheid tussen sy lidmaat Kerke en alle ander Christene in hul gemeenskaplike sending in die wêreld

Die werk van die Raad is gebaseer op die erkenning van Jesus Christus as die geestelike Hoof van die Liggaam en is tot die eer van die een God, Vader, Seun en

Heilige Gees.

Indien dit die waarheid is, waarom word Christus se gebooie verwerp? "As julle my liefhet, bewaar my gebooie" (Joh 14:15). Een van die motiveringsgronde vir die besluit om lidmaatskap is dat die "teologiese klimaat binne die SARK het sedert 1994 baie verander..."

Dit is nie waar nie. Van sy ontstaan was die SARK 'n multigodsdienstige beweging in stryd met Deut 6:4. Dit bly steeds geldig soos blyk uit die volgende feite:

3.2.2.1 Binne die geledere van die SARK word die maagdelike geboorte van Jesus Christus verwerp (Biskop Desmond Tutu).

3.2.2.2 Die SARK erken en bevorder steeds 'n veelgodedom. Daarom word die erkenning van Jesus Christus as die Christelike Hoof o.a. weerspreek deur 'n 'Interfaith'-erediens wat op 14 April 2005, te St George Katedraal in sentraal Kaapstad gehou is.

> *"Ander aanbiddings-leiers by die 'interfaith' byeenkoms het ingesluit die ...Rev Rowan Smith, Dekaan van St George's; die Rt Rev Garth Counsell, Assistent Biskop van Kaapstad; Rev Themba Mntambo, predikant van die Central Methodist Mission en verteenwoordiger van Biskop Andrew Hefkie; Mev Angelene Swart, President van die Morawiese Kerk; Sheikh Mujahied Laattoe, Moslem Raad van Justisie; Mr Michael Bagraim, Suid-Afrikaanse Joodse Raad van Deputate; Rev Matt Esau; Rev Walter Brownridge, Kanon Kantor van St George's, Rev Keith Vermeulen, direkteur van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se Parlementêre Kantoor en Rev Roger Roman, Ekumeniese Sekretaris van die Westelike Kaap se Provinsiale Raad van Kerke.*
>
> *Terwyl hulle "Siyahamba – We are marching in the light of God" sing, het die geloofsleiers in St George's se breë middelpaadjie afgeloop en die strate in ... gevolg deur die vergadering...*
>
> *Vader Pearson het aan die skare gesê: "A luta continua! So lank as wat mense honger bed toe moet gaan in die aand, so lank as wat mense nie toegang het tot voldoende gesondheidsversorging en medikasie nie, so lank as wat mense nie water kan bekostig nie, moet die 'struggle' voort duur."* (Uit: *Interfaith Relief Commission Established*, 6 Januarie 2005.)

3.2.2.3 Dit word verder weerspreek deur die SARK se 'interfaith'-kommissie wat gestig is om hulp te verleen aan mense wat deur die Tsunamiramp getref is en uitsprake daarna.

> *"Verenig deur hul gesamentlike sorg en skok oor die omvang van die Tsunamiramp in Suid-Oos Asië, het leiers van alle geloofsgroepe – verteenwoordigend van die Joodse, Christelike, Boedhistiese, Moslem en Hindoe gemeenskappe vandag in Johannesburg byeengekom ... hul aansienlike kragte gekombineer om die 'Interfaith' Ramp en Humanitêre Reddingskommissie te vorm."*
>
> *"Hierdie 'interfaith' inisiatief vandag is deel van die Suid-Afrikaanse droom van eenheid in verskeidenheid. Dit demonstreer ook die relevantheid en belangrikheid van godsdiens as hoof krag in Suid-Afrika, 'n diep gelowige land," het Chief Rabbi Warren Goldstein gesê*." (Uit: *Interfaith Relief Commission Established*, 6 Januarie 2005.)

B *"4. Die teologiese grondslag van die Raad is 'n gemeenskaplike belydenis van die Christen geloof van sy lede en is nie 'n geloofstoets van Kerke of individuele lede nie. Die Kerk is nie verbind tot enige teologiese verstandhouding van die Kerk nie, en lidmaatskap van die Raad behels nie die aanvaarding van enige spesifieke dogma van die Kerk nie."*

Hier word valslik verklaar dat al die lidmate van die SARK (ten minste) gemeenskaplik Christus bely. Uit die inligting vervat in die Bylae wat volg, blyk dit duidelik hoe die waarheid hier verdraai word. Die Rooms Katolieke Kerk aanbid dan vir Maria as bemiddelaar. En die Religious Society of Friends het geen belydenis nie (kyk die ledelys Bylae A).

3.2.3 In die Konstitusie , nr 3, staan die hoof doelwitte van die SARK:

"3.1 Om uitdrukking te gee aan Christus se Heerskappy oor elke aspek en area van menslike lewe deur die bevordering van die geestelike, sosiale, intellektuele en fisiese welvaart van alle mense." Hoe kan 'aan Christus se Heerskappy' uitdrukking gegee word deur menslike welvaart te bevorder? Die mens wil aan Christus voorskryf waarmee Hy Hom moet bemoei as Hy hoof van ons kerk wil bly, nl die welvaart van die mens.

Dis die ou versoeking waarmee Satan na die Here gekom het in die woestyn. Christus het die heerskappy oor die koninkryke van die wêreld afgewys omdat die voorwaardes was dat Hy Satan moes aanbid. "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien" (Matt 4:10).

"3.2 Om die eenheid, wat beide God se wil vir skepping en God se geskenk aan die Kerk is, te koester."

Uit hulle dade en aksies is dit duidelik 'n onnatuurlike, strukturele en uiterlike 'eenheid' wat ten koste van belydenis af geforseer word. Dis nie die eenheid in die geloof wat die Here van sy kinders eis nie. Dis die eenheid van Babel, waar God se wil (vermeerder en vul die aarde, Gen 9:1) nie geld nie, maar die mens se selfverlossingswil (laat ons vir ons 'n stad bou ... sodat ons nie oor die hele aarde verstrooi raak nie, Gen 11:4). Die intergeloofaksies (hierbo vermeld) bevestig dit en dit is in stryd met 1 Kor 1:10 wat duidelik 'n voorbeeld is wat God deur Paulus aan ons gee van wat onder ekumenisme verstaan moet word. Dit is die **gemeenskap van die wat eenders bely:** onderling, gemeentlik en kerklik.

"3.3 Om sodanige dinge te doen en aan te moedig as wat faktore, wat die Kerke van mekaar skei, sal verminder, hetsy leerstellig, liturgies of prakties."

Weereens: waarom bestaan daar verskillende denominasies? Met hierdie 'nuwe ekumeniese eenheid' wil hulle uitwis wat die Here by Babel gedoen het. Daarom praat hulle met mekaar, oor alle denkbeeld-, begrips- en godsdiensverskille heen, oor menslike welvaart.

Daar word ligtelik heengeskeer oor die kenmerke van die ware en valse kerk (NGB, art 29) omdat dit vir die SARK van geen belang is nie.

"3 7 Om gesprek aan te knoop met mense van ander gelowe en oortuigings." Het ons hier te make met 'n opregte ywer om die Woord van die Here aan die nasies te verkondig? Sending of Evangelisasie? Nee, dis 'multifaith' of 'interfaith', waar die Christengeloof gelykgestel word aan enige en elke ander geloof op die toneel. Dink maar aan die SARK se 'interfaith'-aksies, soos die 'erediens' in Kaapstad, waar 'n Joodse Rabbi, 'n Moslempriester en 'n versameling geestelikes saamgebid en gesing het ("Siyahamba – We are marching in the light of God..." Watter God? Jesaja 8:20). Nog 'n voorbeeld is die sending van 'n moslempriester en 'n 'reverend' na Rwanda om saam met Rwandese vir vrede te bid (kyk Bylae A). Weereens: "Die Here jou God moet jy aanbid en Horn alleen dien" (Matt 4:10).

3.2.4 Die Missie van die SARK lui:

> *As a National Council of Churches and Institutions, the SACC, acting on behalf of its member churches, is called by the Triune God to work for moral reconstruction in South Africa, focussing on issues of justice, reconciliation, integrity of creation and the eradication of poverty and contributing towards the empowerment of all who are spiritually, socially and economically marginalised.*

Die verheerliking van God se Naam, die uitbreiding van sy Koninkryk en die handhawing van sy Wil is hier duidelik ondergeskik aan menslike en sosiale strewes (vgl die Onse Vadergebed).

3.2.5 Die SARK bots met ons Belydenis in NGB, art 5, waarin ons bely: *Ons aanvaar al hierdie boeke en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.*

Die SARK verduidelik vir ons op hul eie webblad dat die Bybelse waarhede nie altyd dieselfde vir die een geslag beteken as vir die volgende geslag nie. Hulle sê dat die gedeeltes wat oor homoseksualiteit handel nie vir ons geslag beteken dat dit verwerplik is nie. Daarmee word die Waarheid van die Skrif gerelativeer.

> *"Scripture speaks afresh to each generation. Just as there is not one view on marriage, there is also no single authoritative interpretation of scripture. We view the Bible as God's living word. As such, it is capable of speaking afresh to humanity at different times and in different places and circumstances.* ***The handful*** *of passages* ***most commonly read as condemnations of homosexuality were informed by the dominant understanding of human nature at the time they were written. They must be read and interpreted in their historical and cultural context****. They should not be simplistically applied to contemporary society any more than ancient ways of explaining the natural world, also evident in scripture, should be used to dismiss the conclusions of centuries of scientific inquiry. More importantly, our interpretations of these texts must be "checked" against the central messages that emerge clearly and powerfully from the Gospel: Christ's admonition to love God and to love one's neighbours, as well as his particular compassion for the poor, the marginalized and the oppressed"* (vgl http://www.sacc.org.za/news06/marriage.html).

In die lig van bogenoemde uitspraak is dit dan ook nie verbasend dat sommige SARK verteenwoordigers glo dat daar nie so iets soos die waarheid bestaan nie:

> *"Truth in the Bible is evolving with time" said a South African Council of Churches (SACC) representative during the public hearings on the proposed new Equality Bill in parliament in Cape Town today. In response to a question about gay rights posed by ACDP MP Advocate Mighty Madasa, the representative said, "Some things that were prohibited in the past are no longer prohibited. The SACC wants to see the concept of family broadened to include all kinds of family." Homosexual and sodomy rights activists are advocating that the concept of family in South Africa's laws should include homosexuals in relationships. The SACC said that its role is not to interpret the Bible or guide its affiliates. The SACC says in its submission that the bill should address discrimination faced by individuals in 'non traditional' families. The council also supports the clause in the bill stating that anyone intending to have an abortion should receive special protection from discrimination*" (http://www.cft.org.za/news/1999/30-11-1999.html).

Daar bestaan dus geen vaste basis vanwaar die GKSA binne die SARK 'n saak kan aanspreek en dit kan beredeneer nie.

3.2.6 Dit is duidelik dat die SARK geen ekumeniese eenheid van belydenis bevorder nie, maar 'n wêreldse **eenheid ten koste van belydenis**. Dit is nêrens onder die bekendstelling van die SARK aan die Sinode van 2006 voorgehou nie.

Die intergeloofsaamtrekke van die SARK was egter nie beperk tot die vorige eeu nie, want op 6 Januarie 2006 het die SARK 'n persverklaring (http://www.sacc.org.za/news05/ifrelief.html) uitgereik waarin hulle bekend maak dat 'n Intergeloofshulpkommissie saamgestel is. Hulle doen dan 'n beroep op kerke om intergeloofgebedsbyeenkomste te reël. Hulle sê onder andere:

"United by their common concern and shock at the magnitude of the Tsunami disaster in South East Asia, leaders from all faith groups – representing the Jewish, Christian, Buddhist, Muslim and Hindu communities – met in Johannesburg today to, in addition to what the Government and other sectors are doing, combine their

considerable forces to form the Interfaith Disaster and Humanitarian Relief Commission.
The newly formed body will become a permanent forum..."
"This interfaith initiative today is part of the South African dream of unity in diversity. It also demonstrates the relevance and importance of religion as a major force in South Africa which is a deeply religious country" said Chief Rabbi Warren Goldstein.
***The South African Council of Churches, in addition to an appeal to churches to arrange combined services with other faith communities**, has called for a National day of prayer and fasting on Wednesday, January 12 at 13:00 in churches throughout the country. The SACC has also requested women's organizations to set aside Thursday, January 13 for prayer and fasting.*
For Sir Peter Just of the Buddhist Community, the disaster needs to be seen as an environmental warning.
"As difficult as it is to come to terms with the human suffering, it is Karmic retribution for what humans have done to the planet. A more positive side though, is that the tragedy has brought about the need for people to work together, and to realize that it is possible to co-exist" he said. Issued on behalf of the SACC by the Methodist Communications Office" (Die Karmaleer is 'n sentrale leerstuk in die panteïstiese Budhisme. Daarvolgens is daar 'n oorsaaklike noodwendigheid tussen optrede en gevolge en daarom is dit 'n wesensgrond vir die geloof van die reinkarnasie – Christelike Ensiklopedie Deel III: Karma).

3.2.7 Die duidelike verwantskap wat bestaan tussen die SARK en die WRK is ook nie aangetoon nie.

As ons na die 2005 finansiële verslag van die SARK kyk, dan kan ons sien dat hul in 2004 R581 280 en in 2005 R44 179 van die WRK ontvang het. Daar is dus ‘n finansiële verwantskap tussen hierdie twee organisasies (SACC Annual Report 2005:20, (httpp://www.sacc.org.za/docs/anrept05.pdf).

In die SARK se jaarverslag van 2005 vertel die algemene-sekretaris van die SARK, dr Molefe Tsele, vir ons wat die verwantskap tussen die SARK en WRK is:

> “Since 1994 the South African Coucil of Churches has played a growing role in efforts to promote peace, justice and abundant life in the region, across the continent and throughout the world. In doing so, the Council works with and through larger ecumenical bodies, such as Fellowship of Councils of Churches in Southern Africa (FOCCISA), the All Africa Conference of Churches (AACC) and the **World Council of Churches (WCC**)”

Op 13 Augustus 2001 maak die WRK in ‘n persverklaring die volgende bekend:

> “Raiser [WRK algemene sekretaris] notes that the visit [na Suid-Afrika] is a renewal of the solidarity between WCC and SACC and an ‘expression of hope that SACC can continue and increase its significant role in the people’s life in what promises to be a critical time in South Africa’. Raiser’s last visit to South Africa was in 1998” (http://www.wcc-coe.org/wcc/news/press/01/28pre.html).

Indien mens die WRK se webblad bekyk en na die lidorganisasies kyk, dan sien ons dat hulle die SARK lys as ‘n national council body wat geaffilieer is aan die WRK (kyk Bylae B).

Dr Ed Cain van Signposts beskryf die verband tussen die WRK en die SARK soos volg:

> “...die SA Raad van Kerke, ‘n geassosieerde raad wat formeel aan die Wêreldraad van Kerke verbonde is en wat by die vergadering van die WRK se sentrale komitee deur kollegiale afgevaardigdes verteenwoordig is” (Signposts Vol 10 Nr I, 1991:4).

Dr Ed Cain brei soos volg uit:

> “The World Council of Churches described as one of the 13 International Communistfront organisations established since 1945 by an Encyclopaedic Dictionary of Marxism, Socialism and Communism by Josef Wilczynski. It defines International Communist front organisations as “entities which although they do

not include ‘Communist’ in their official name, support or directly pursue pro-Communist policies. They are either organisations specifically established by Communists for the above purpose, or are existing entities that have been infiltrated by them. In each case such organisations are used as fronts to mislead the public or evade anti-communist legislation” (Signposts Vol 6 Nr 4, 1987:2).

Die Wêreldraad van Kerke (WRK) maak ook op hul webblad die volgende bekend:

"Under the theme ‘Christians unite against racism: May they all be one (John 17:21)’, worshippers listened to readings and prayers from international church leaders, including Presiding Bishop Mvumelwano Dandala of the Methodist Church of Southern Africa. Dandala is also the president of the South African Council of Churches (SACCJ, and the leader of the World Council of Churches (WCC) delegation to the World Conference Against Racism, Racial Discrimination, Xenophobia and Related Intolerance (WCAR) (http://www.wcc-coe.org/wcc/news/press/01 /wcar08feat-e.html).

Ons kan ook sien dat die SARK en die WRK nou saamwerk wanneer ons die volgende verklaring van die WRK bekyk:

*"Tsele [die huidige algemene-sekretaris van die SARK] will lead a joint SACC-World Council of Churches (WCC) delegation to the World Summit on Sustainable Development (WSSD) in Johannesburg; South Africa, 26 August – 4 September [2002]. The SACC-WCC delegation will be part of a larger Ecumenical Team which has attended all the preparatory meetings for the WSSD" (*http://www2.wcc-coe.org/pressreleasesen.nsf/index/pr-02-22.html).

"In South Africa, the WCC delegation attended a national meeting of the South African Council of Churches at which the SACC president Methodist Bishop Mvumelwano Dandala criticized the government for its failure to deal adequately with the problems of AIDS, racism, and land distribution. While in South Africa, Raiser was also able to meet with the general secretaries of the national councils of churches in Lesotho, Swaziland and Mozambique” (http://www.wcc-coe.org/wccnews/07-english.html#Anchor-Solidarit-39579).

Die SARK sê self vir ons wat die verwantskap tussen hulle en die WRK is wanneer hulle die WRK en ander organisasies lys en dan skryf (kyk Bylae B):

"Much of the work of the SACC is sponsored by our global partners. During the dark days of apartheid, they made it possible for us to continue the struggle for human rights and Christian values. Today their contribution enables the SACC to assist in the rebuilding of the nation, spiritually as well as physically, and to give disadvantaged groups in the society new possibilities and a new hope” (http://www. sacc.org. za/partners.html).

Ons kan dus met sekerheid sê dat die SARK 'n dogterorganisasie van die WRK is en dat hulle noue bande met mekaar het.

3.3 Beswaargrond 2.3 (Die besluit bring die GKSA se lidmaatskap by die ICRC in gedrang en dit is nie in die besluit verreken nie)

3.3.1 Die GKSA het verlede jaar lidmaatskap van die International Conference of Reformed Churches (ICRC) verkry. As ons na die grondwet van die ICRC kyk dan staan daar onder die hofie "Article 4 – Membership":

"Those churches shall be admitted as members which: a. faithfully adhere to the Reformed Faith stated in the confessional documents listed in the Basis, and whose confessional standards agree with the said Reformed Faith; d. are not members of the World Council of Churches (WRK) or any other organization whose aims and practices are deemed to be in conflict with the Basis"

3.3.2 Die punt is dat indien die SARK 'n dogterorganisasie van die WRK is, dan loop die GKSA die gevaar dat ons lidmaatskap van die ICRC kan verloor. Met ander woorde, ons lidmaatskap van die SARK kan daartoe lei dat ons ekumeniese bande met mede Gereformeerdes sal moet sny.

3.3.3 Op die ICRC-webblad staan die volgende oor die GKSA en SARK lidmaatskap (Dit

was tydens die 6de vergadering van die ICRC). (Duidelik kan die Sinode se besluit ICRC-lidmaatskap ingedrang bring):

"55.2 GKSA

Rev Dr Knight pointed out that Rev Smit had reassured the meeting that the GKSA would act according to Scripture and confession but had not said what he hoped the result would be. He also expressed his view that the ICRC's Constitution's condition for membership that churches should not be members of the World Council of Churches or any other similar organization (Minutes 2001:264) communicates a perspective: we should not have relations with churches going in a direction contrary to our own, because of the impact that may have on us" (http://www.icrconline.comlminutes.html).

"Opinion was divided. One view, following the committee's, was to exercise caution and defer membership until the outcome of the GKSA's synod in 2006 be known. The other view was that the GKSA should be granted membership, because it does satisfy the requirements of the Constitution at the present time, without adding unconstitutional conditions. This way of supplementing the Constitution in an ad hoc manner was dangerous and to be avoided: it would result in a legalistic morass" (http://www.icrconline.com/minutes.html).

3.3.4 Dit is insiggewend om daarop te let dat meer as 50% van die kerke waarmee die GKSA in korrespondensie verkeer, ook lidmaatskap van die ICRC het (kyk: http://www.icrconline.com/members.html en http://www.gksa.org.za/korrespondensie.html).
Daar bestaan dus die gevaar dat die GKSA se lidmaatskap van die ICRC beëindig kan word en dat ons dus in effek dan gemeenskap opgesê het met 50% van ons korresponderende kerke. Lidmaatskap aan die SARK en daardeur deelgenootskap aan die WRK dwing dus 'n keuse af. Die GKSA sal moet kies tussen of die wêreldbroederskap van die WRK (en SARK) of die ekumeniese verband met Gereformeerde kerke.

3.4 Beswaargrond 2.4 (Die besluit is in stryd met NGB, art 36)

3.4.1 In NGB, art 36 bely ons:

"Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en die regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder mense ingestel het, versteur."

3.4.2 Wanneer ons na die SARK se webblad gaan, dan kom ons agter dat hulle amptelik Liberation Theology (http://www.sacc.org.za/about/celebrate14.html) ondersteun. Dit staan ook bekend is as Christen Sosialisme of Godsdienstige Kommunisme (http://www.wikipedia.org/wiki/christian.socialism). Dit is soortgelyk aan die Wederdoper/ Anababtistiese Sosialisme wat deur die Russiese Wiskundige, Prof Dr Igor Shafarevich in sy *The Socialist Phenomenon* geïdentifiseer word as 'n voorloper van moderne Internasionale Sosialisme (Kommunisme) (vgl: The Socialist Phenomenon, Prof Dr Igor Shafarevich, Harper&Row, New York, ISBN 0 06 014017 8, p50-59). Shafarevich beskryf die biografie van die Wederdoper/Anababtiste leier, Thomas Müntzer (vgl: The Socialist Phenomenon, Prof Dr Igor Shafarevich, Harper&Row New York, ISBN 0 06 014017 8, p50-59. Kyk ook "Appendix 2 : Socialism, the anabaptist heresy" van Productive Christians in an Age of Guilt Manipulators, ISBN 0 930464 04 4 geskryf deur Rev David Chilton).

3.4.3 Thomas Müntzer is dieselfde Wederdoper/Anababtisme leier wat deur Martin Luther veroordeel is as anti-Reformasie (The Socialist Phenomenon, Prof Dr Igor Shafarevich, Harper&Row New York, ISBN 0 06 014017 8, p51, 55). Dit is dieselfde Wederdopery/Anababtisme wat deur die Nederlandse Geloofsbelydenis veroordeel word in Artikel 36.

4. Slotsom

Dit is duidelik dat hierdie besluit ongegrond en onnadenkend geneem is en dat kerke dit nie vir hulle rekening kan neem nie. Partikuliere Sinode Bosveld het hierdie Beswaarskrif van die Gereformeerde Kerk Waterberg (Dolerend) sy eie gemaak en hiermee gee ons dit deur aan die Nasionale Sinode Potchefstroom in sitting Januarie 2009.

I. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Opdrag

Beswaarskrif van Streeksinode Bosveld – GKSA lidmaatskap van SARK.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Beswaarskrif en beswaargronde.

2.2 Die besluit waarteen beswaar gemaak word, word gevind in Acta 2006:172–175.

2.3 Verskeie broeders het die Kommissie ontmoet en mondelinge voorleggings aan die Kommissie gedoen.

2.4 Die Kommissie is bewus van die groot erns waarmee hierdie saak van twee uiteenlopende kante benader word en wil poog om hierdie saak nie bloot net tegnies te hanteer nie, maar om op grond van die kerk van Jesus Christus se profetiese roeping (waarmee almal heelhartig saamstem) in hierdie tydsgreep en wêrelddeel, die Sinode met Bybelse verantwoordelikheid te adviseer.

2.5 Daar is eenstemmigheid oor die feit dat hierdie saak die uitlewing van die GKSA se ekumeniese verhoudinge direk raak en beïnvloed.

2.6 Hoewel daar hartlike eenstemmigheid is oor die DAT en WAT van die kerk van Jesus Christus se profetiese roeping in hierdie wêreld, is daar duidelike, wesentlike en uiteenlopende verskil oor die HOE van die uitlewing van hierdie belangrike kerklike roeping.

2.7 Dit is duidelik dat die GKSA se verbondenheid aan die SARK nie net die middel tot ‘n groter doel is, nl die GKSA se getuienis teenoor die owerheid nie, maar uiteindelik ook ‘n doel opsigself het – die getuienis teenoor en binne die SARK as organisasie.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.7.

3. Beswaargrond 1

3.1 Beredenering

3.1.1 Sinode Bosveld beweer dat die besluit van Sinode 2006 (Acta 2006:172-175) dat aansoek om lidmaatskap van die SARK gedoen word daarvan uitgaan dat die kerk haar van buite af *mag* en *moet* laat voorskryf oor die wyse waarop sy haar profetiese taak moet uitvoer.

3.1.2 Sinode Bosveld poog om dmv 5 motiveringe hierdie beswaargrond te bewys.

3.1.2.1 In die eerste motivering word deur middel van ‘n losstaande bewering gestel dat die motivering van Sinode 2006 se besluit geen gronde vanuit Skrif of Belydenis bevat het nie. Die Beswaarskrif van Bosveld haal egter self (b ii) die volgende aan: *Die GKSA het ‘n roeping om op Gereformeerde grondslag profetiese getuienis in die wêreld en aan die owerheid te gee (vgl Kol 2:8 en Joh 9:5; 1 Pet 3:15).* Na afhandeling van bogenoemde losstaande bewering verwys hierdie eerste motiveringsgrond dan ook na die saak van *gesamentlike standpunt inname,* sonder om die implikasie en gevolge daarvan vir die GKSA se profetiese roeping verder te argumenteer. Dit sou ‘n geldende argument kon wees, maar dit word nie uitgewerk nie. Hierdie punt oortuig gevolglik nie as motivering vir die beswaargrond nie.

3.1.2.2 Die tweede en die derde punt van Bosveld se motivering gaan grotendeels oor Sinode 2006 se motivering (of gebrek aan Skriftuurlike motivering) tot hierdie besluit en bring ook nie verheldering ten opsigte van die motivering vir hierdie beswaargrond nie.

3.1.2.3 In die vierde punt van motivering word verwys na die saak van – om as ‘n *belangegroep* getuienis te lewer. Die saak word egter net genoem en word ook nie

as motivering verder uitgewerk nie. Hierdie punt oortuig gevolglik ook nie as motivering vir hierdie eerste beswaargrond nie.

3.1.2.4 In die vyfde motivering word die bewering van die beswaargrond woordeliks herhaal, sonder om die saak te beredeneer. Ook hier word geen verheldering vir die bewering van die beswaargrond verskaf nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.1.2.4.

3.2 Bevinding

Daar is geen stawende beredenering of motivering vir die eerste beswaargrond nie.

Besluit: Kennis geneem.

3.3 Aanbeveling

Die beswaar van Sinode Bosveld slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Na staking van stemme, word besluit dat die punt verval.

4. Beswaargrond 2

4.1 Beredenering

4.1.1 Sinode Bosveld beweer dat die besluit van die GKSA tot lidmaatskap van die SARK op ‘n foutiewe en onvolledige voorstelling van die SARK berus.

4.1.2 Sinode Bosveld, by monde van een van die toeligters, wou deur middel van die Beswaarskrif balans bring deur ook die negatiewe sake mbt die SARK uit te wys, aangesien, na hulle oordeel ‘n onvolledige – meestal positiewe voorstelling aan Sinode 2006 voorgehou is. In die Beswaarskrif fokus Sinode Bosveld dan ook inderdaad op ‘n veelheid van negatiewe aspekte mbt verskillende persone en instansies wat deel is van die SARK.

4.1.2.1 Daar is inderdaad baie negatiewe dinge wat oor sommige van die lede van die SARK en die organisasie in totaliteit gesê en opgediep kan word. Hierdie beswaargrond gee aan 7 verskillende sake aandag.

4.1.2.2 Die Kommissie aanvaar dat die inligting wat deur die beswaardes ingedien is uit betroubare bronne verkry is en ‘n toets aan die waarheid sal deurstaan.

4.1.2.3 Al die negatiewe feite met betrekking tot die SARK word weergegee sonder enige beredenering om aan te dui dat hierdie toedrag van sake meebring dat die GKSA ten opsigte van die uitleef van haar profetiese roeping eerder van die SARK moet onttrek. Is die blote feit van die teenwoordigheid van al hierdie negatiewe dinge voldoende rede? Die vraag is of hierdie negatiewe toedrag van sake nie eerder die GKSA se voortgaande betrokkenheid juis noodsaak en gevolglik motiveer, eerder as om ‘n onttrekking van die SARK te vereis nie?

Besluit: Kennis geneem van 4.1.1 tot 4.1.2.3.

4.2 Bevinding

Daar is geen stawende beredenering of motivering vir die beswaargrond wat aandui dat Sinode 2006 tot ‘n ander besluit sou kom indien hulle juis hierdie meer negatiewe inligting gehad het nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.3 Aanbeveling

Beswaar slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Die aanbeveling word afgekeur en die beswaargrond slaag.

5. Beswaargrond 3

5.1 Beredenering

5.1.1 Sinode Bosveld beweer dat hierdie besluit die GKSA se lidmaatskap by die ICRC in gedrang bring en dat dit nie in die besluit verreken is nie.

5.1.2 Hoewel die GKSA *ekumeniese eenheid* beleef met die meeste lidkerke wat by die ICRC teenwoordig is, is die GKSA se kontak met die ICRC as organisasie op die wydste moontlike vlak, nl *ekumeniese kontak.* Dit is presies op dieselfde vlak wat die GKSA by die SARK betrokke geraak is. Die vereistes vir hierdie ekumeniese verhouding met ‘n organisasie is dus nie dieselfde as vir ekumeniese eenheid met ‘n spesifieke kerk nie. Kontak met die SARK gaan oor die uitlewing van die GKSA se

profetiese roeping binne die konteks van Suid Afrika. Dit sou hartseer wees as van die individuele kerke (van die ICRC) waarmee ons in ekumeniese eenheid is, die GKSA gaan voorskryf en dwing oor die wyse waarop die GKSA ekumeniese verhoudinge – ter wille van profetiese getuienis in hulle eie land, moet uitleef. Hierdie saak is wel by 'n vorige ICRC vergadering bespreek en daar was 'n duidelike verskil van opinie binne die ICRC self.

5.1.3 In die lig van die eerste beswaargrond van hierdie Beswaarskrif moet die vraag gevra word of hierdie beswaargrond dan nie juis presies uitgaan van die gedagte dat die kerk haar van buite mag en moet laat voorskryf oor hoe sy haar profetiese taak moet uitvoer nie? Kan een kerk die ander kerk voorskryf oor die wyse waarop sy haar profetiese roeping in haar eie land – met eie unieke omstandighede, moet uitoefen en hierdie voorskriftelikheid dan as voorwaarde hou vir die kerklike eenheid waarin hulle lewe? Dit word nie beredeneer of bewys nie.

Besluit: Kennis geneem van 5.1.1 tot 5.1.3.

5.2 Konklusie

Daar is geen stawende beredenering of motivering vir hierdie beswaargrond nie.

Besluit: Kennis geneem.

5.3 Aanbeveling

Die beswaar slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Aanbeveling word afgekeur en die beswaargrond slaag.

6. Beswaargrond 4

6.1 Beredenering

6.1.1 Sinode Bosveld beweer dat hierdie besluit in stryd is met NGB, art 36.

6.1.2 Die historiese konteks van NGB, art 36 verwys na die Anabaptiste se aktiewe opstandigheid teenoor die regering en regeringsgesag en kan nie klakkeloos oorgedra word na die blote teenwoordigheid van "Wederdopers" binne die geledere van die SARK nie.

6.1.3 Indien daar 'n negatiewe gesindheid van verfoeiing (totale distansiëring) moet wees teenoor enige "wederdoper" moet die kerke van die GKSA ook besin oor hulle formele of informele kontak met die Gereformeerde Baptiste.

6.1.4 Die motiveringe wat aangebied word by hierdie beswaargrond bestaan in wese uit aanhalings en verwysings na sekere persone en hulle standpunte, maar bevat geen beredenering wat oortuig dat die beswaargrond geldend is nie.

Besluit: Kennis geneem van 6.1.1 tot 6.1.4.

6.2 Bevinding

Daar is geen stawende beredenering of motivering by hierdie beswaargrond nie.

Besluit: Kennis geneem.

6.3 Aanbeveling

Die beswaar slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Na staking van stemme word besluit dat die punt verval.

7. Samevatting

7.1 Opsommende bevinding

7.1.1 Die erns van die **DAT** en die **WAT** van die kerk van Jesus Christus se profetiese roeping in hierdie wêreld is nie hier in gedrang nie.

7.1.2 Dit gaan hier in wese oor die **HOE** van die uitleef van die kerk van Jesus Christus se profetiese roeping in die wêreld.

7.1.3 Die GKSA het haar by Sinode 2006 deur 'n besluit verbind tot die praktiese uitlewing van haar profetiese roeping en getuienis teenoor die regering en binne die geledere van die SARK deur aansoek om lidmaatskap van hierdie organisasie te doen.

7.1.4 Hierdie Beswaarskrif, wat ook erns wil maak met die praktiese uitlewing van die GKSA se profetiese roeping in die wêreld, het gepoog om deur middel van vier beswaargronde die Sinode te oortuig dat dit vir die GKSA beter sou wees om nie deel te wees van die SARK nie en om gevolglik eerder te onttrek.

7.1.5 Soos reeds bevind deur die Kommissie word die beswaargronde van hierdie Beswaarskrif, wat baie inligting bevat, nie genoegsaam beredeneer om ‘n klinkklare oortuiging – dat die GKSA van die SARK moet onttrek, te regverdig nie.

7.1.6 Die Kommissie het nie die inligting van ‘n Deputateverslag, wat nog tydens hierdie Sinode behandel moet word, in hulle hantering van hierdie Beswaarskrif verwerk nie.

7.2 Opsommende aanbeveling

Die beswaar van Sinode Bosveld slaag op geen beswaargrond nie.

Besluit: Die Sinode besluit om ‘n Kommissie aan te wys om in die lig van die beswaargronde wat geslaag het, die gewig van die betrokke beswaargronde te bepaal en na aanleiding daarvan die Sinode te adviseer of die Beswaarskrif slaag al dan nie. Die volgende Kommissie word aangewys: dr JH Howell (s), di HC van Rooy, SA Cilliers, B Companie en prof A le R du Plooy.

J. **RAPPORT AD HOC-KOMMISSIE – OOR SLAAG VAN TWEE BESWAARGRONDE BY BESWAARSKRIF VAN STREEKSINODE BOSVELD**

Die Rapport word deur die Voorsitter voorgehou. Die Kommissie is van oordeel dat beswaargronde 2 en 3, soos deur die Sinode gehandhaaf, wel gewigtige redes aandui dat die beswaar in sy geheel slaag.

Besluit: Goedgekeur.

K. **Aanwys van Ad hoc-kommissie om die Sinode te adviseer oor die konsekwensies van die Beswaarskrif wat geslaag het rakende die SARK**

Die volgende Kommissie word aangewys: Prof SJ van der Merwe (s), di PA Coetzee en HL Stavast.

L. **RAPPORT AD HOC-KOMMISSIE – IMPLIKASIE DAT DIE BESWAARSKRIF VAN STREEKSINODE BOSVELD OOR SARK GESLAAG HET**

1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer oor die gevolge van die besluit dat Streeksinode Bosveld se Beswaarskrif slaag.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering

2.1 Beswaarskrif GK Oos-Moot – hierdie Beswaarskrif is teen twee besluite naamlik, lidmaatskap van die SARK en die Parlementêre lessenaar. Aangesien die beswaardes dit as een saak hanteer en dieselfde gronde vir beide stel, het dit implikasies vir hantering van die Beswaarskrif in sy geheel.

2.2 Beskrywingspunt van Suidelike Streeksinode aangaande die SARK – die Beswaarskrif van Streeksinode Bosveld handel in wese oor hierdie aangeleentheid wat in hierdie Beskrywingspunt beskryf word. Die Rapport van die Kommissie Ekumenisiteit oor hierdie Beskrywingspunt, hanteer die saak waaroor die Beskrywingspunt handel.

2.3 Die besluit van die Sinode het ook implikasies oor die aanbevelings van die Deputate Ekumenisiteit, 2.4.8.3 tot 2.4.8.8, en word in die aanbevelings hanteer.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.

3. Aanbevelings

3.1 Die Sinode neem die Beswaarskrif van GK Oos-Moot rakende die SARK nie ter tafel neem nie. Motivering: Die besluit waarteen beswaar gemaak word, is reeds gerojeer.

3.2 Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt van Suidelike Streeksinode nie.

3.3 Die Kommissierapport wat handel oor 2.4.8.3 tot 2.4.8.8 van die Rapport Ekumenisiteit : Binnelands word goedgekeur.

3.4 Die Beswaarskrif van Bosveld wat geslaag het, teen die besluit van die Sinode 2006 (Acta 2006:172-175) aangaande lidmaatskap van die SARK, het die konsekwensie dat die besluit oor lidmaatskap van die SARK, gerojeer word.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.